



Toegang tot ATKV-Klein-Kariba Vakansieoord

Die volgende reëls en riglyne vir toegang tot die ATKV-Klein-Kariba Vakansieoord (hierna genoem, KKV), is van toepassing:

Toegang tot Klein-Kariba Vakansieoord

- Slegs Negester Klein-Kariba-eienaars, kwalifiseer vir gratis toegang tot KKV. Dit behels:
 - Gratis toegang vir eienaars en hul gaste vir die gebruik van fasiliteite en geriewe.
- **Toegangs-ure via Kapelhek na KKV:**
 - 06h00 tot 20h00 (Maandag tot Sondag).

Algemeen

- Indien 'n eenaar sy/haar huis verhuur, sal hierdie toegangsreëls ook op die huurder van toepassing wees.
- KKV behou die reg om in noodsituasies toegang deur die Kapelhek te weier en die hek te sluit, om sodoende die veiligheid van Klein-Kariba en Negester se inwoners te verseker. So ver moontlik sal dit vroegtydig gekommunikeer word aan Negester bestuur.
- Negester moet van alle Negester Klein-Kariba eienaars 'n **getekende KKV-vrywaringsvorm** op lêer hê wat ter enige tyd op navraag aan KK beskikbaar gestel moet word. Hierdie vrywaringsvorm is van toepassing op u as eenaar sowel as **kuiergaste wat by u tuisgaan**.
- Die Kapelhek sal gesluit wees tydens fees- en projekte naweke (Opskop in Afrikaans, Studentejool, ens.) wat vooraf aan Negester bestuur gekommunikeer sal word. Vir bywoning van die feeste kan inwoners kaartjies by KKV se Ontvangs koop waarna die nodige voertuig permit vir toegang deur die Klein-Kariba hoofhek uitgereik sal word.
- KKV versoek dat indien u die oord met 'n "golfkar" besoek, u nie deur die karavaanpark sal ry nie, maar slegs van die hoofroete gebruik sal maak.
- Vir enige navrae rakende toegang tot KKV, kan die HEV-kantoor gedurende kantoorure besoek of gekontak word by 083 405 0351, of stuur 'n epos na negesterkk@negester.co.za.

Opgedateer 20/09/2023